GOUDPOS
NUUSBRIEF NR 20 - 2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS SINODE

Catherine Robson Kinderhuis Golfdag

Nuus oor ons leraars

Ds Albert Horn van Potchefstroom-Mooirivier, het op 25 Junie 2017 geëmiriteer en sy akte van demissie , met behoud van status, ontvang.

Ds Hanno Visser van Migdol het 'n beroep na Namibië aanvaar.

Reformasie 500 Fees te Potchefstroom: 22 Oktober 2017

Ons beleef vanjaar die wonderlike voorreg om die 500 ste herdenking van die Reformasie van 31 Oktober 1517 te vier. Ons sal u as gemeente graag wil uitnooi na hierdie geleentheid.

Ons wil graag al ons gemeentes in en rondom Potchefstroom by hierdie fees betrek en nooi u hiermee amptelik en hartlik uit om hieraan deel te neem. Die datum is **22 Oktober 2017**. Daar word 'n nasionale fees in Pretoria gereël vir 29 Oktober en daarom dat ons dit hier 'n week vroeër wil aanbied.

Tyd: 17:00. Plek: Amfiteater van die NWU Potchefstroom-kampus.

Ingesluit is die bemarkingspakket vir die geleentheid:

Ingesluit: (SKAKEL: https://drive.google.com/open?id=0B6lwJUQ7tYMlNnVRTXYwTjBwU1U)

- Poster (Kan A3 gedruk word – pdf)
- Video
- Powerpoint slides
- JPEG

Moet ook nie vergeet om die Facebook-blad (https://www.facebook.com/refo500nw/) vir meer besonderhede te volg nie. Ons sal dit ook waardeer indien u die Event op die Facebook-blad by u Gemeente kan "share".

Navrae: Dawfré Theron - sel: 082 899 3959

NUUS VAN ONS SINODE

Sinode Goudland se sinodesitting

Let asseblief daarop dat ons sinode se sinodesitting op **31 Oktober 2017** te Helikonpark, die Tuiste van Sinode Goudland, plaasvind. Dit sal net 'n eendag-sinode wees.

Opdatering van gemeentes se gegewens vir die Jaarboek 2018

Baie dankie aan al die gemeentes wat so fluks reageer het om julle gemeentes se gegewens op te dateer. Daar is egte nog 'n hele paar gemeentes uitstaande, en julle word vriendelik gevra om die opgedateerde gegewens so spoedig moontlik asseblief aan te stuur.

NUUS VAN DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE

Kommer oor die CRL-Kommissie se verslag

Die Kommissie vir Godsdiens en ander regte (CRL-Commission) word daarvan verdink dat dit staatsregulering en beheer oor alle godsdienste in SA voorstaan. Ten spyte van talle voorleggings deur kerke het die kommissie sy finale verslag oor die kommersialisering van godsdiens en die uitbuiting van mense se geloof op 27 Junie 2017 aan die Parlementêre portefeuljekomitee oorhandig.

Aangesien elke "godsdienstige praktisyn" en "plek van aanbidding" hiervolgens by 'n nasionale struktuur moet registreer, word dit as staatsinmenging by godsdiens gesien. Hoewel verreweg die meeste godsdienstige groepe heftig gekant is teen uitwasse soos die drink van brandstof of Doom-terapie, het die CRL-kommissie kerke se voorleggings oor toepaslike beheer geïgnoreer.

Klik hier om die volledige CRL-verslag te lees (27MB), asook 'n samevatting (1MB).

Verklaring deur NG Kerk

Die NG Kerk het ook 'n sterk bewoorde verklaring oor die CRL-kommissie uitgereik om die kerk daarvan te distansieer.

Vakature by die NG Kerk Algemene Sinode - Boekhouer in die Algemene Sinodale Kantoor, Hatfield, Pretoria

Minimum kwalifikasies (essensieel): Matriek
Kwalifikasies (aanbeveel): Toepaslike Tersiêre kwalifikasie
(Bv. Diploma in Boekhouding, Toepaslike Tersiêre kwalifikasie)

Minimum toepaslike ondervinding (jare):

- Ten minste 10 jaar toepaslike ervaring van boekhouding tot op proefbalans vlak
- Ten minste 5 jaar ervaring in die NG Kerk omgewing sal 'n sterk aanbeveling wees

Ander posvereistes

- Verkieslik ervaring in die NG Kerkverband
- Verkieslik lidmaat van die NG Kerk
- Bestuurderslisensie

Aansoeke: Volledige cv's kan gestuur word aan: Sophia de Kock sophiadk@ngkerk.org.za
Navrae kan gerig word aan: Pieter van Rooyen pieter@clshr.co.za
Sluitingsdatum vir aansoeke: **25 Augustus 2017**

ANDER NUUSBROKKIES

Sondag vir persone met gestremdheid 28 Augustus

Stel ons persone met gestremdheid in staat om werklik deel te wees van ons geloofsgemeenskap, of fokus ons net op wat hulle NIE kan doen nie? In Suid-Afrika is die laaste Sondag in Augustus bekend as Sondag vir Persone met Gestremdheid. Klik hier vir RampUp se agtergrondinligting oor hierdie spesiale dag, en kry allerlei kreatiewe voorstelle vir aktiwiteite. So kan gemeentes ons fokus op menswaardigheid op 'n lekker praktiese manier uitleef en versterk.

Program: Reformasie 500

Die Hervormde Kerk vier die 500 jaar van kerkhervorming tydens 'n uitsonderlike geleentheid. Gemeentes in en naby Pretoria word uitgenooi na hierdie geleentheid op **Woensdag 16 Augustus 2017** by die Pretoria-Oos Gemeente. Tye: 9:00 – 14:00 en 18:30 – 20:00
Organiseerders: Tydskrif vir Hervormde Teologie en Hervormde Teologiese Kollege
Kontakpersone: Dr André Ungerer (andre.ungerer@up.ac.za); ds Hannes van der Merwe (hannes@pretoriaoos.com); prof Natie van Wyk (hto@mweb.co.za).
Versoek: Laat weet asb hoeveel persone uit die gemeente die geleentheid gaan bywoon.

Hulde aan ds AJ (Bobbie) Scherrer

Ons het met leedwese kennis geneem van die dood van ds AJ (Bobbie) Scherrer, op 22 Julie 2017 in die ouderdom van 75 jaar, na 'n lang stryd teen kanker. 'n Roudiens het op 28 Julie by die NG Gemeente Kerkenberg in Harrismith in die Vrystaat plaasgevind.

Benewens sy gemeentelike betrokkenheid in die Hoëveld, Oostelike en Vrystaat sinodes, was Bobbie tot in Au-

gustus 2011 onder meer die voorsitter van Bybel-Media se direksie en baie betrokke by die proses om die NG Kerk se mediabedienings na die Algemene Sinode van 2002 te koördineer. Verder was hy vir baie jare voorsitter van die Sinodale Kommissie vir Administrasie en Finansies (SKAF) van die NG Kerk Vrystaat. Hier bring Pieter Fourie, voormalige uitvoerende hoof van Bybel-Media aan hom hulde. Ons eer sy nagedagtenis.

NG Kerk: Tien sinodes se voorsitters byeen

Die voorsitters* van die tien sinodes van die NG Kerk het van 8-10 Augustus 'n unieke geleentheid gehad om by Wilderness in die Suid-Kaap te vergader. Dankie vir voorbidding vir hierdie groep leiers, wat op verskillende plekke en in uiteenlopende kontekste leiding moet gee. (met dank aan VrydagNuus)

**Sommige sinodes gebruik die term "moderator", terwyl ander verkies om na "voorsitter" te verwys.*

Agter vlnr: Pieter van Jaarsveld (Vrystaat), André Olivier (Namibië), Hugo vd Linde (Hoëveld), Dewyk Ungerer (Noordelike Sinode), Barry Tolmay (KwaZulu-Natal), Jasper Louw (Oos-Kaapland).

Voor vlnr: Johan Brink (Goudland), Gustav Claassen (Alg Sinode, alg sekretaris), Dirkie van der Spuy (Oostelike Sinode), Nelis Janse van Rensburg (Wes-Kaapland), Gert Duursema (Noord-Kaapland)

Huis HJ Piek: Tuiste vir selfversorgende ouers persone

Enkel-, dubbelkamers asook woonstelle beskikbaar!

- Die dienste sluit in:
  Drie maaltye per dag; Die kamers word weekliks gediens; Wasgoed word weekliks gewas en gestryk.
- Pryse vanaf R4 550,00 per maand
- Kontak Me Edwina van der Vyver [weeksdae tussen 08h00 tot 16h00] by tel: 012-460 6231 of 012-460 6232. (met dank aan Verskil)

Nous: gratis pakket met preeksketse en materiaal vir groter en kleiner kinders

Volgens ds Faani Engelbrecht van FLAM bied die NOUS-span een week se pakket gratis aan vir alle predikante en gemeentes. Die week fokus op Romeine 10:5-15 - daar is eksegetiese opmerkings, preekvoorstelle en illustrasies, Powerpoint-voorstelle, liedvoorstelle, 'n familie-moment en twee poppe-clips (een fokus op kleiner kinders en een op groter kinders).

Predikante en lidmate kan gerus daarna gaan kyk in Dropbox, by hierdie skakel.
Indien 'n gemeente/predikant van die materiaal wil gebruik, kan hulle die leêrs kopieër (copy) en op hul rekenaar stoor,(save) voordat hulle daaraan kan begin werk. Vir meer inligting oor die NOUS-pakket kontak: navrae@kontak.org.za



Kommunikasiebeamptes: wenke vir foto's

In die tyd waarin ons leef en kommunikeer, raak die behoefte aan uitstekende foto's wat belangrike stories vertel, net groter. Gelukkig maak slimfone dit nou makliker as ooit om daardie foto's te neem.

Enigeen in gemeentes wat skielik moet ontpop in 'n fotograaf of kommunikasiebeampte, kan gerus kennis neem van ds Steven Martin se blog, http://smartphoneactivist.com. Hy vertel hoe 'n mens met klein aanpassings die kwaliteit van jou foto's drasties kan verbeter. Klik hier vir ses eenvoudige wenke. (met dank aan VrydagNuus)

INTERESSANTE ARTIKELS

Wat maak Protestante "Protestants"?

Terwyl ons vanjaar 500 jaar van Protestantisme vier, is dit interessant om hierdie bydrae te lees wat vertel van

'n hoogs interessante geskiedenis van die Protestantse beweging:

So it's striking to read Alec Ryrie's dazzling, frustrating new history of Protestants and find that it's not really about "doctrines and churches and theological systems" but a people united — and torn apart — by a common passion:

From the beginning, a love affair with God has been at the heart of [Protestants'] faith. Like all long love affairs, it has gone through many phases, from early passion through companionable marriage and sometimes strained coexistence, to rekindled ardor. Beneath all the arguments, the distinguishing mark of a Protestant is the feeling and memory of that love, one on which no church or human authority can intrude. It is because Protestants care so deeply about God that they have been willing both to fight one another and take on the world on his behalf. Read further. (met dank aan Grenspos)

■ Diakonaat verteenwoordig God in die wêreld

"Wanneer diakonaat in die dampkring van God se missie verstaan word, skuif die fokus van die kerk se diakonaat na die herstel van God Drie-enig se heerskappy in die wêreld. Missionale diakonaat behels dan dat die verskillende gestaltes van die kerk as verteenwoordigers van God betrokke raak by die voorkoming en bestryding van lyding." So skryf Willie van der Merwe oor die diakonaat van die kerk as deel van missionale kerkwees. Lees gerus hier verder. (Met dank aan VrydagNuus.)

■ Is daar hoop vir kleiner gemeentes?

Ons leef in 'n era waar plattelandse dorpe ontvolk en die hele demografie van 'n gemeente moet verander. Kan iets daaraan gedoen word om 'n klein gemeente funksioneel te laat werk? In die dorp Wyoming in die VSA is daar 'n klein gemeente wat iets aan hierdie probleem begin doen het, lees gerus hul suksesverhaal hier.

Die volgende vrae kan moontlik deur alle kleiner gemeentes in Suid-Afrika ondersoek word:

- How is your church's place and context reflected in its ministry?
- How has your church's history shaped its approach to ministry?
- How can your church better collaborate with other congregations, so as to leverage the overall impact in the community?
- What stake, if any, do non-churchgoers in your community have in your church?

(Met dank oorgeneem uit VrydagNuus - die artikel het onlangs in die Hervormde Kerk se nuusbrief, Blitspos verskyn)

■ Oorsig oor brugbediening

Brugbediening (of Interim-bediening) is 'n redelik nuwe verskynsel in die NG Kerk, maar reeds baie goed gevestig in bv. die VSA. In hierdie kort artikel het die bekende Ed Stetzer 'n baie interessante oorsig oor verskillende soorte interimbediening. Dit is verhelderend.

■ SA se jeug kan die land sosio-ekonomies transformeer

Sowat 60% van Suid-Afrikaners is onder 30 jaar oud. Die DG Murray Trust glo die jeug kan SA sosio-ekonomies transformeer. En hulle het 'n plan daarvoor. Lees meer. (met dank aan Grenspos)

KURSUSSE EN SEMINARE

■ 2017 Lentekonferensie: Het jy al ingeskryf?

Excelsus se twaalfde Lentekonferensie, Lente in Bediening en Teologie vind plaas vanaf **19-21 September 2017** by die NG Universiteitsoord en die Universiteit van Pretoria. Die inskrywingsfooi beloop R1050-00 per persoon (R990-00 indien jou inskrywing en kursusfooi vóór 11 Augustus 2017 ontvang word). Emeriti en studente betaal slegs R600-00. Besoek http://www.excelsus.org.za/lentekonferensie.html om aanlyn te registreer.

■ Kursusse aangebied deur Harm Knoop, die Nederlandse Teoloog-sielkundige en skrywer

Excelsus nooi julle vriendelik uit na die volgende drie kursusse in Pretoria:

1. Jung, religie en 'n nuwe (maar o so oue spiritualiteit) - **21 en 22 Augustus** (12 VBO-punte en 10 VBO-punte vir voltooiing van die opdrag).
2. Leef jou eie lewe (Oor religie, mites, Jung en ons self) - **24 en 25 Augustus** (12 VBO-punte en 10 VBO-punte vir voltooiing van die opdrag).
3. 'n Kursus in Rou en Verlies-begeleiding - **18 en 19 Augustus** (9 VBO-punte en 10 VBO-punte vir voltooiing van die opdrag)

Vir meer besonderhede vir elkeen van hierdie kursusse, kyk asseblief na die aangehegte dokumente. Neem asseblief kennis dat die prys vir blokbespekings van vyf of meer persone R350 per dag is. Vir hierdie

doel kwalifiseer alle predikante vir die laer prys. Hulle moet net die naam van die kursus, hul eie naam en hul gemeente se naam meld waneer hulle bespreek, om vir die laer prys in aanmerking te kom. Vir enige verdere navrae of kursusbesprekings, kontak asseblief vir Piet Muller by Bespreek by drpietmuller@gmail.com

Pastorale Begeleiding Rondom Trauma Bande (Trauma Bonding)

Pastorale beradingskursus op **9 September** in Potchefstroom aangebied deur Prof Wentzel Coetzer
Trauma bande impliseer lojaliteit en gebondenheid aan 'n destruktiewe persoon. Iemand raak soms betrokke in 'n destruktiewe verhouding waar sy emosioneel en fisies afgetakel en misbruik word. Almal rondom haar sien al die rooi ligte en nogtans keer sy telkens weer terug na die viktimiseerder. Waarom? Navorsing toon aan dat daar 'n traumaband kan wees wat haar as't ware 'vasbind' aan die viktimiseerder.
Hierdie is 'n uiters aktuele saak binne sekere verhoudings, sekere huwelike en selfs binne sekere kerklike families. In hierdie kursus word enersyds gefokus op tipiese kenmerke van hierdie probleem, en andersyds op algemene praktiese en pastorale riglyne ter begeleiding van slagoffers.

- **Plek**: Studente Hervormde Kerk – Silwer str 19, Potch (net langs klein kragstasie)
- **Tyd**: 08.00 – 13.00 (5x VBO punte vir leraars en maatskaplike werkers)
- **Koste**: R250 pp (egpare: R350 – studente: R150)
- **Om te bespreek**: U moet vooraf die nodige fooie inbetaal by: Capitec spaar rek: 1487438425 - takkode: 470010. Rek naam: Prof WC Coetzer (bevestig dan asb daarna per e-pos)
- **Navrae**: 0836600409 of 0825778810 of e-pos: wentzelc@gmail.com

Excelsus kursusse vir September deur die Universiteit van Pretoria gereël word.

U kan vir die volle tyd die betrokke kongres bywoon; dit is egter ook moontlik om slegs vir 'n enkele dag te registreer.

1. Suid-Afrikaanse Vereniging vir Nabye Oosterse Studies (SAVNOS):
Datum: **5-6 September.** Plek: NG Universiteitsoord. VBO-punte: 9 punte
2. Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suidelike Afrika (OTWSA)
Datum: **6-8 September.** Plek: NG Universiteitsoord. VBO-punte: 15 punte

Registrasie kan tot **Maandag 28 Augustus** plaasvind: http://www.otwsa-otssa.org.za/conferences/pretoria-2017. Indien u betaling per EFT gedoen het, stuur asb bewys van betaling aan: Dr. Jo-Mari Schader by jo-mari.schader@up.ac.za

---

BYBELMEDIA

Lees in die jongste Kerkbode ...

KERKBODE
Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense
11 Augustus 2017 BM Deel 199 - Nommer 2
Afrikaans, Sotho en Chinees – almal is saam kerk by Hugenoot

- In Kerkbode van 11 Augustus is daar twee verhale van gemeentes wat grense oorsteek. In een geval het die gemeente bedienings vir Chinese en Sotho-lidmate naas die tradisionele Afrikaanse bediening. In die ander verhaal het die tieners van 'n voorstedelike NG gemeente in Pretoria 'n vakansieprogram gehad saam met tieners uit die VGKSA in Ivory Park en hul eie soort "potjiekos" gemaak.
- Kerkbode vertel ook twee verhale van mense wat ander se lewens verryk. Die een is 'n Vrystaatse orrelis wat haar liefde vir musiek met mense van alle kleure en geure deel. Die ander is 'n dominee wat mense help om 'n Johannes 10:10-lewe te lei.
- Lees verder die verhaal oor vredesgebede wat die wêreld help verander het en wat afgevaardigdes na die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke kon hoor.
- Daar is 'n verhaal wat vertel hoe die NG gemeente Lux Mundi 'n baken van lig geword het vir 'n mens wat moed verloor het.

Lees ook oor ...

- die konferensie oor Skrifgesag en Skrifgebruik wat op Brits gehou is,
- oor die vergadering van die NG Kerk se Afrika-familie wat in Kempton Park gehou is en
- van twee boeke wat daar bekend gestel is.

e-Kerkbode

Neels Jackson, redakteur van Die Kerkbode, hou ons gereeld op hoogte van die jongste nuus in ons kerk in die e-Kerkbode. Klik op die skakel om al hierdie berigte te lees by: http://kerkbode.christians.co.za/. Dis 'n gratis nuusdiens.

Jy kan ook gratis op die e-Kerkbode inteken by: www.kerkbode.co.za en ontvang dan die kerknuus kraakvars op jou rekenaar.

Kerkbode - app: (Android selfone, tablette en Apple iPhone en iPad).
Die app is gratis beskikbaar by Google Play en Apple se App Store, en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoord "Kerkbode" te soek.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com -- Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - Zeerust - sel: 082 475 2740

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS